# PRESIDENSIËLE IMBIZO

MET PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA




## Wat jy moet weet van die Distriksontwikkelingsmodel (DDM)

*Een Distrik, Een benadering, Een Plan, Een Begroting.*

### 1. Wat is die DDM?

Die DDM is 'n staatsinisiatief om geïntegreerde beplanning en dienslewering regoor die drie regeringsfere te verbeter, met distrikte en metropolitaanse ruimtes as fokuspunte vir beleggings deur die Staat asook die privaatsektor.

### 2. Wat is die rede vir die DDM?

Die DDM is op 21 Augustus deur die Kabinet goedgekeur, met die volgende ten doel:

- Die drastiese verbetering van samewerkende regering en interregeringsamehangendheid gemik op die bou van 'n bekwame en etiese ontwikkelingstaat.
- Die aanwending van 'n strategiese nasionale benadering regoor die drie regeringsfere met betrekking tot die 52 distrikte en metropolitaanse ruimtes.
- Die voorstelling van 'n praktiese regeringsmodel en -metode wat werksaam is in die areas van gesamentlike beplanning, begroting en implementering.
- Die bekragtiging – deur middel van gesamentlike beplanning deur die drie regeringsfere, sektordepartemente en staatsentiteite

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

2030 NDP

DDM DISTRICT DEVELOPMENT MODEL IN ACTION!

– van 'n strategiese langtermynperspektief vir multi-jaarlikse beplanning, begroting en verkiesingsiklusse.

- Die integrasie van die uitslae van die gesamentlike beplanning om 'n enkele langtermyn strategiese raamwerk genaamd die Een Plan te vorm.
- Die leiding en verbetering van die verruimteliking- en herprioritiseringsprogramme en begroting van al drie die regeringsfere.
- Die gebruik van alle bestaande strukture van interregeringsbetrekkinge (IRBs) vir die goedkeuring, aanvaarding en monitering van die Een Planne.
- Om as kampvegter op te tree vir die DDM op die hoogste vlak by wyse van die President en die Kabinet, gesteun deur die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (DSRTS).
- Die instelling van DDM-spilpunte as deel van DSRTS se uitgebreide kapasiteit.
- Die verbetering van die toestand van plaaslike regerings.

## 3. Doelwitte van die DDM

Die oorkoepelende strategiese doelwitte van die DDM is as volg:

- Die oplos van die silo-benadering tot dienslewering op horisontale asook vertikale vlakke.
- Die vermeerdering van die impak en die belyning van planne en hulpbronne tot ons beskikking deur middel van die ontwikkeling van die "Een Distrik, Een Plan en Een Begroting".
- Om die afstand tussen die mense en die Staat te verminder deur koördineringsrolle en kapasiteit op distrik en stadsvlakke te versterk.
- Om ingeslotenheid te versekering deur "geslagsbegroting" op plaaslike vlak, gebaseer op die behoeftes en aspirasies van ons mense en gemeenskappe.
- Om staatskapasiteit te vergroot om munispaliteite te steun.
- Monitoring en evaluasie op distriks- en plaaslike vlak.
- Die implementering van 'n gebalanseerde benadering teenoor die ontwikkeling tussen stedelike en plattelandse gebiede.
- Om volhoubare ontwikkeling te verseker en terselfdertyd inisiatiewe te skep en groei wat die uitwis van armoede, werkskepping en gelykheid bevorder.
- Oorsigtigheid oor begrotings en projekte te bevorder op 'n verantwoordbare en deursigtige wyse.

## 4. Implementering van die DDM

Die implementeringsproses van die DDM sal plaasvind by wyse van twee verwante prosesse, gevolg deur die regering in geheel. Hierdie prosesse is verruimteliking en herprioritisering.

Verruimteliking verwys na die inwerkingstelling van ontwikkelingsprioriteite en -doelwitte na ruimtelike liggings (distrikte en metropolitaanse ruimtes) wat manifesteer in fisiese impakte op mense se lewens en die ruimtes waarin hul leef.

Herprioritisering beteken die hersiening en verandering van planne en begrotings om die verlangde fisiese impakte te realiseer. Die DDM sal dus deur die verruimteliking van ontwikkelingsprioriteite en -doelwitte gerealiseer word, asook deur die hersiening en herprioritisering van planne, begrotings en programme van die onderskeie sfere, sektordepartemente en staatsentiteite.

## 5. Wat is DDM-spilpunte

DDM-spilpunte is deel van die oorkoepelende institusionele reëlings vir die implementering van die DDM. Hulle vorm deel van die uitbreiding van die DSRTS se kapasiteit om sy rol te speel in die aandryf van die institusionalisering van die DDM en die fasilitering van die formulering, aanvaarding, implementering, monitering en hersiening van die Een Planne.

'n DDM-spilpunt word beoog as 'n funksionele ondersteuningsnetwerk en fasiliteringstelsel vir interregeringsbeplanning in terme van 'n spesifieke distrik of metropolitaanse ruimte of 'n kombinasie van distriks- en metropolitaanse ruimtes.

## 6. Doelwitte van die DDM-spilpunte

Die sleuteldoelwitte van die DDM-spilpunte is as volg:

- Fasiliteer en bemagting rolspelers regoor die regering en die samelewing om 'n gedeelde waardering en begrip te hê van die metropolitaanse konteks, uitdagings en geleenthede.
- Fasiliteer en bemagting die ontwikkeling van 'n gedeelde visie wat onderskryf word deur gedeelde en praktiese verlangde toekomsige uitkomste.
- Fasiliteer en bemagtig ooreenstemming deur rolspelers regoor die regering en die samelewing rakende strategiese ingrypings, modelle vir verandering en transformasie, doelwitte, verbintenisse en verantwoordbaarheid om die gedeelde verlangde toekomstige uitkomste te bereik.
- Skakel met bestaande plaaslike instellings en liggame om geloofwaardige data, inligting, navorsing en kennisstelsels te bemoontlik met die doel van besluitneming gebaseer op bewese feite.
- Fasiliteer geloofwaardige en diep interregeringsamewerking- en beplanningsessies wat die uitstryk van weersprekings, wanbelynings en duplisering van hulpbronne en funksies bemagtig.
- Lei en verseker gesonde tegniese werk en voorbereiding.
- Onderneming deur alle nasionale en provinsiale departemente, staatsentiteite en munisipaliteite tot die bydra tot en vorming van die Een Planne.
- Integreer kritiese kwessies rakende koördinering, belyning en besluitneming en verwoording van diesulke aspekte in die Een Plan, en skep sinergie tussen nasionale prioriteite, doelwitte, teikens en plaaslike dinamika, doelwitte en gesamentlike beplanning, geïntegreerde ontwikkelingsplanne (GOPs), ens.

## 7. Ontwikkeling van die Een Plan

Die Een Plan is 'n interregeringsplan wat 'n langtermyn strategiese raamwerk uiteensit om belegging en dienslewering rakende 'n spesifieke distrik of metropolitaanse ruimte te lei. Dit word in samewerking tussen die drie regeringsfere saamgestel ("CoCreated"), geskoei op hul bestaande planne.

Die gesamentlike beplanning het uitgeloop op 'n Interregerings-Een Plan met verwysing na elkeen van die 52 distriks- en metropolitaanse ruimtes. Die Een Plan is 'n strategiese langtermynraamwerk wat kort-, medium- en langtermyndoelwitte en ingrypings insluit om alle staats- en privaatbeleggings in distrik of metropolitaanse ruimtes te lei. Dit is nie 'n gedetailleerde of omvattende plan wat die volle omvang van departementele en munisipale verntwoordelikhhede dek nie. Die Een Plan is ontwikkel tydens 'n proses van medewerking en fasiliteer 'n gedeelde begrip van die distrik/metro ruimte onder alle rolspelers. Dit belyn 'n gedeelde visie en gedeelde verlangde toekomstige uitkomste.

Dit brei ook uit oor die teikens en sleutelverbintenisse tussen die drie regeringsfere en belanghebbendes, en is aanvaar as 'n IRB asook as 'n maatskaplike ooreenkoms. Die implementering van die Een Planne word deur elke regeringsfeer onderneem volgens die voorgeskrewe regeringsbeplanningsiklus, wat die hersiening van die Medium Termyn Strategiese Raamwerk, die formulering/hersiening van sektorstrategieë, departementele strategiese planne en jaarlikse prestasieplanne asook munisipale groei- en ontwikkelingstrategieë, Ruimtelike Ontwikkelingraamwerke en GOPs insluit.